

Ontmoeting 2

GOD SIEN JOU RAAK; SIEN JY HOM?

*Die voorspelling van Jesus se geboorte aan Maria
en Simeon se verhaal*

In hierdie ontmoeting gaan die kinders na twee stories luister. Hulle gaan eerstens ontdek dat God hulle raaksien en liefhet en tweedens gaan hulle ontdek dat Hy hulle nou en help om Jesus elke dag raak te sien.

Teks: Lukas 1:26-38, 42, 46-48; Lukas 2: 25-33

Hulpmiddels:

- 4-hoeke-speletjie: 4 gekleurde papiere of lappe
- Water-aangee-speletjie: 2 koppies, verkieslik van papier; vul een met water
- Blinddoek raai: sak vol van 'n verskeidenheid voorwerpe en 'n blinddoek vir elke groepie
- Aanbieding: Groot bril met die woorde "Jesus sien my raak" aan die binnekant van die bril en "Sien jy vir Jesus raak?" aan die buitekant van die bril geplak.
- Werskaf:

Die patroon van die bril vir elke kind gekopieer op karton, inkleurkryte, skêre, gom, "staplers", versierings vir die brille
Stukkies gekleurde sellofaan

Verskillende helder gekleurde voorwerpe (bv. geel suurlimoene, 'n rooi serp, blou skoene, oranje lemoene, groen appels, ens.)

Afskrifte van die "Voorspelling van Jesus se geboorte" vir elke kind wat kan lees, asook die klein prentjies wat daarop geplak moet word.



WELKOM

Hoë energie speletjies:

4 hoeke:

Merk 4 hoeke van 'n saal met 4 kleure (blou, geel, rooi en groen). Die fasiliteerder se rug is weggedraai en almal hardloop na die hoek van hul keuse. Sonder om te kyk, roep die fasiliteerder 'n kleur uit. Almal in daardie kleur is dan "uit". Herhaal die proses tot daar net een oorbly.

(Toepassing: Die aanbieder kan nie sien waar die kinders is nie. Die kinders weet ook nie wat sy gaan kies nie.)

Water-aangee-speletjie:

Almal staan in 'n ry. Die speletjie benodig 2 papier koppies. Die voorste persoon kry 'n papier koppie vol water. Die tweede een staan met die leë koppie. Die voorste een moet dit oorgooi in die tweede persoon se koppie sonder om hom om te draai of agtertoe te kyk. Die voorste persoon moet dus die koppie water oor sy/haar kop gooi. Nou kry die derde een weer die voorste een se leë koppie en die tweede een moet die water daarin gooi sonder om te kyk. Herhaal totdat almal 'n beurt gehad het om die water oor sy kop te gooi of totdat daar niks water in die koppie oor is nie! *(Toepassing: Dis baie moeilik om water aan te gee as jy nie kan sien nie.)*

Rustige speletjies:

My klein ogies sien ("I spy with my little eye"):

Speel "My klein ogies sien..." " òf met kleure òf met die eerste letter van die woord wat jy wil hê die ander moet raai.

Bv. "My klein ogies sien... iets wat groen is." Almal raai dan goed wat hulle kan sien wat groen is totdat hulle reg raai.

Blinddoek raai:

Sit verskillende artikels in 'n sak. Elkeen in die groepie kry 'n beurt om geblinddoek in die sak te voel en dan 'n artikel uit te haal. Hy/sy moet dan raai wat dit is deur net daaraan te voel.



WYDING

Temalied: "Jesus be the centre"

"Twee ogies": *Twee ogies om Gods werk te sien,
Twee handjies om die Heer te dien,
Twee oortjies om Sy Woord op te vang,
Twee lippies wat Hom loof met sang,
Twee voetjies wat Sy pad betree
En een lewe om aan Hom te gee."*

"Jesus loves me, this I know."

"God hou van kindertjies, Hy het almal lief."

"Al was ek nie daar nie"

Gebed: Gebruik die liedjie "Twee ogies" as 'n gebed. Kinders moet hul oë toemaak en dan raak aan die liggaamsdeel wanneer die aanbieder daarvoor bid.



WOORD

Die Zoeloes groet mekaar met die woorde "Sawubona" wat beteken "Ek sien jou." Wanneer hulle dit vir mekaar sê, beteken dit: ek sien jou raak; jy het waarde; jy is spesiaal; ek dink jy is belangrik en waardevol. Kom ons groet mekaar op hierdie manier. (Almal loop rond en groet mekaar met die woorde "Sawubona" met nog iets by.)

Kan julle onthou wat 'n voorspelling is? Watter belangrike gebeurtenis word in die Ou Testament voorspel en gaan gebeur? (Gee geleentheid vir terugvoer oor verlede keer se ontmoeting.) Vandag gaan ons luister na twee verhale wat afspeel in die tyd waarin Jesus gebore is.

Vra die vraag "Hoekom gebruik 'n mens 'n BRIL?" en laat die kinders antwoord. Laat iemand wat bril dra, vertel watter verskil die bril maak. Haal die bril uit 'n tas of sak. Dit moet baie groot wees. Aan die binnekant moet daar geskryf staan "Jesus sien my raak" en aan die buitekant "Sien jy vir Jesus?" Hierdie bril herinner ons vandag aan twee stories in die Bybel. Die eerste verhaal is die storie van hoe God iemand raaksien en gebruik. Die tweede verhaal is 'n storie waarin iemand Jesus raaksien en herken.

Wys die kant van die bril waarop staan "Jesus sien my raak" en laat 'n kind dit lees. Lees nou die Bybelverhaal oor die Voorspelling van Jesus se geboorte aan Maria in Lukas 1:26-38 (uit die Bybel@Kinders):

"Toe Elisabet 6 maande swanger was, het God die engel Gabriël na Nasaret toe gestuur. Dit is 'n dorp in Galilea. Hy moes met 'n jongmeisie gaan praat wat daar gebly het. Haar naam was Maria. Sy was verloof aan Josef, 'n man uit koning Dawid se familie. Toe Gabriël by Maria kom, sê hy: 'Goeiedag. Ek het goeie nuus vir jou: die Here is by jou!' Maria het groot geskrik. 'Wat is aan die gang?' het sy gewonder. Die engel sê vir haar: 'Moenie bang wees nie. God is goed vir jou. Jy sal binnekort 'n seun hê. Jy moet Hom Jesus noem. Hy sal baie belangrik wees. Hy sal die Seun van die Allerhoogste God genoem word. Hy sal vir altyd Koning wees oor die mense van Israel.' Maria sê toe vir Gabriël: 'Hoe kan so iets gebeur? Ek is nog nie getroud nie.' Toe sê Gabriël: 'Die Heilige Gees sal sorg dat jy 'n Kindjie kry. Die Allerhoogste se krag sal jou laat verwag.. Hierdie Kind van jou sal die Seun van God genoem word.' 'Ek het nog goeie nuus vir jou,' sê Gabriël. 'Elisabet, 'n familielid van jou, verwag ook. Sy is al oud. Maar sy sal een van die dae 'n seun hê. Sy verwag nou al 6 maande lank. God kan enigiets doen.' Toe sê Maria: 'My lewe is in die Here se hand. Dit wat Hy wil hê, moet met my gebeur.' Hierna het Gabriël weggegaan."

Neem weer die bril en verduidelik dat ons somtyds mekaar nie raaksien nie. Jy voel soms alleen of onbelangrik. Dalk dink jy jy is nie goed ge-noeg nie. Of jy dink jy is nog te jonk om vir God te werk. Dit is presies hoe Maria gevoel het. Maar God het anders na haar gekyk. Hy het 'n bril van liefde. Hy sien jou raak vir wie jy regtig is. Hy het vir Maria gekies om die belangrikste vrou in die Bybel te word, al was sy jonk, arm en onbelangrik. Ek wonder hoe Maria gevoel het toe sy hoor dat God haar gekies het om hierdie baie belangrike werk te doen om Jesus se mamma te wees! Maria se niggie, Elizabeth, sê ook vir haar die volgende: "Maria, jy is die gelukkigste vrou op aarde. Jy is gekies vir 'n baie spesiale werk. Jy gaan die ma van 'n baie belangrike Kind wees." (Lukas 1:42, Die Bybel@Kinders)

En daarna sing Maria 'n lied oor wat gebeur het (in vers 46-48).

"Ek maak die Naam van die Here groot. Ek juig oor God. Hy is my Redder. Ek is glad nie belangrik nie, ek is maar een van God se diensmeisies; tog het Hy my raakgesien. Van nou af sal my naam op almal se lippe wees. Alle geslagte sal sê dat ek die gelukkigste vrou op die aarde is." (Lukas 1:46-48 - Die Boodskap)

Laat al die kinders met hul vingers denkbeeldige brilletjies maak en voor hul oë hou. Laat hulle agter jou aan herhaal: "Ek is die gelukkigste kind op aarde, want God sien my raak en ek is belangrik vir Hom."

Hulle kan dit dan ook vir mekaar herhaal: "Jy is die...."

Nou word die groot bril omgedraai sodat die woorde "Sien jy vir Jesus?" wys. Laat 'n kind die woorde lees.

Jesus se ouers, Maria en Josef, neem die babatjie Jesus na die tempel in Jerusalem om Hom aan God te wy. En daar ontmoet hulle vir Simeon... Simeon is 'n verrimpelde stokou man met 'n droom in sy hart. Hy ken die Ou Testament se voorspellings dat daar 'n Verlosser gebore gaan word. Hy kan nie wag om Hom te ontmoet nie. En God belowe aan Simeon dat hy beslis nie sal sterf voordat hy die Messias, Jesus, gesien het nie.

Lees die verhaal van Simeon in Lukas 2: 25-33 (uit die Bybel@kinders).

Lees dit 'n tweede keer deur en verduidelik vooraf dat die kinders elke keer as hulle "uitgesien", "gesien" of "oë" hoor, hulle die denkbeeldige brilletjies met hulle vingers voor hul oë moet maak.

Antwoorde: vers 25 (uitgesien), vers 26 (gesien), vers 30 (oë), vers 30 (gesien), vers 31 (oë).

Die bril herinner ons aan hierdie 2 stories. Die een kant van die bril (binnekant) herinner jou dat God jou raaksien, net soos met Maria. Hy het jou lief en Hy kies jou. Hy kyk na jou met 'n bril van liefde.

Die ander kant van die bril (buitekant) herinner jou aan die storie van Simeon, wat Jesus raakgesien het. Net so word jy genooi om Jesus raak te sien en Hom lief te hê. Jy kan ook met 'n bril van liefde kyk.

Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder van watter deel van die verhale het jy die meeste gehou.
2. Ek wonder watter deel van die verhaal dink jy is die belangrikste.
3. Ek wonder wie jy in die verhaal sou wou wees.
4. Ek wonder waar jy vir Jesus elke dag raaksien.



WERSKAF


- ♦ **Verskillende kleure sellofaan:** Gee vir die kinders verskillende kleure sellofaan. Laat hulle daardeur kyk. Hoe verander die kleure van voorwerpe (stal voorwerpe van verskillende kleure uit)? Hoe lyk 'n geel voorwerp as jy deur blou daarna kyk? Hoe lyk 'n groen appel as jy deur rooi daarna kyk? Hoe lyk 'n blou voorwerp as jy deur rooi daarna kyk? Hoe lyk die wêreld anders....? (Boodskap: Jesus help ons om anders te kyk na die wêreld. Hy gee vir ons geloofsoë. Jesus help jou om die wêreld anders raak te sien.)

- ♦ **Maak 'n bril:** Maak 'n afskrif van die patroon vir elke kind om 'n bril mee te maak en te versier. Laat hulle dit gebruik om die boodskap vas te lê. Jesus sien my raak.











Sien jy vir Jesus?










- ♦ **Werkkaart (Voorspelling van die Engel aan Maria):** Maak 'n afskrif van die werkkaart vir elke kind (wat al maklik kan lees). Laat hulle die storie lees. Of laai die woorde en prentjies afsonderlik van ons webtuiste af en kopieer dit vir elkeen. Laat hulle die prentjies uitknip en op die regte plekke plak.
















Sluit af met die seënbede soos by ontmoeting 1.




Die Voorspelling van Jesus se Geboorte

Meer as 2 duisend jaar gelede het God die  Gabriël gestuur na , 'n jong meisie in die  Nasaret. Gabriël het vir  gesê dat sy 'n  gaan kry. Hy sal die Seun van God wees en Sy Naam sal Jesus wees.  is toe getroud met haar verbooftde, , 'n timmerman. Die  het ook vir hom gesê dat  se  die Verlosser sal wees.

Al die mense in die land moes getel word.  en  moes na  toe gaan om getel te word. Al die  was vol mense. Hulle kon net plek in 'n  kry. Die  Jesus is toe in die  gebore.  het Hom in 'n  laat slaap.

Daardie nag het 'n  verskyn aan  wat daar naby in die veld hulle  opgepas het. Die  het vir hulle gesê dat die  Jesus gebore is. Skielik was daar 'n klomp  rondom hulle wat God geprys het: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op  vir die mense!" Die  het dadelik na  toe gegaan om die  te gaan soek. Die  het vir almal van die  Jesus vertel. Later het  'n  gevolg na die plek toe waar Jesus was. Hulle het Hom aanbid en kosbare  vir Hom gegee.

Alles het gebeur soos die  dit voorspel het.

Die Voorspelling van Jesus se Geboorte

Meer as **2** duisend jaar gelede het God die  Gabriël gestuur na , 'n jong meisie in die  Nasaret. Gabriël het vir  gesê dat sy 'n  gaan kry. Hy sal die Seun van God wees en Sy Naam sal Jesus wees.  is toe getroud met haar verloofde, , 'n timmerman. Die  het ook vir hom gesê dat  se  die Verlosser sal wees.

Al die mense in die land moes getel word.  en  moes na  toe gaan om getel te word. Al die  was vol mense. Hulle kon net plek in 'n  kry. Die  Jesus is toe in die  gebore.  het Hom in 'n  laat slaap.

Daardie nag het 'n  verskyn aan  wat daar naby in die veld hulle  opgepas het. Die  het vir hulle gesê dat die  Jesus gebore is. Skielik was daar 'n klomp  rondom hulle wat God geprys het: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op  vir die mense!" Die  het dadelik na  toe gegaan om die  te gaan soek. Die  het vir almal van die  Jesus vertel. Later het  'n  gevolg na die plek toe waar Jesus was. Hulle het Hom aanbid en kosbare  vir Hom gegee.

Alles het gebeur soos die  dit voorspel het.

Die Voorspelling van Jesus se Geboorte

Meer as duisend jaar gelede het God die Gabriël gestuur na 'n jong meisie in die Nasaret. Gabriël het vir gesê dat sy 'n gaan kry. Hy sal die Seun van God wees en Sy Naam sal Jesus wees. is toe getroud met haar verloofde, 'n timmerman. Die het ook vir hom gesê dat se die Verlosser sal wees.

Al die mense in die land moes getel word. en moes na toe gaan om getel te word. Al die was vol mense. Hulle kon net plek in 'n kry. Die Jesus is toe in die gebore. het Hom in 'n laat slaap.

Daardie nag het 'n verskyn aan wat daar naby in die veld hulle opgepas het. Die het vir hulle gesê dat die Jesus gebore is. Skielik was daar 'n klomp rondom hulle wat God geprys het: "Eer aan God in die hoogste hemel en vrede op vir die mense!" Die het dadelik na toe gegaan om die te gaan soek. Die het vir almal van die Jesus vertel. Later het 'n gevolg na die plek toe waar Jesus was. Hulle het Hom aanbid en kosbare vir Hom gegee.

Alles het gebeur soos die dit voorspel het.

2

2

engel



Maria




dorpie



baba



Josef




Betlehem




huise



stal



krip



herders



skape



engele



aarde

wyse manne

ster



geskenke



profete

